

9 Mei 2024

Ope brief aan Afrikaanse ouers en onderwysers:

DÍT IS HOE DIE BELA-WETSONTWERP AFRIKAANSE SKOLE TEIKEN

Die bewoording van die gewysigde Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette (Bela) (weergawe B 2D-2022) herbevestig dat Bela 'n direkte aanslag is op die voortbestaan van Afrikaanse skole en die reg van ons kinders tot onderrig in Afrikaans.

Daarom is dit belangrik dat ouers en skole Bela met mening moet teenstaan om te verhoed dat provinsiale onderwyshoofde se magte deur wetgewing versterk word om Afrikaanse skole direk te kan teiken.

AfriForum versoek u om self die onderstaande artikels – wat direk in Engels uit die B 2D-2022-weergawe van die Bela-wetsontwerp aangehaal word – te lees sodat u eerstehands kennis van die gevare daarvan kan neem.

Doel van die wetsontwerp

Soos gebruikelik in wetgewing is daar ook aan die begin van Bela 'n kort uiteensetting van wat die doel van die wetsontwerp is. Bela se doel word onder meer soos volg omskryf (my eie beklemtoning):

To amend –

- the South African Schools Act, 1996, [...] to enhance the authority of the Head of Department in relation to the admission of a learner to a public school, **after** consultation with the governing body of the school;
- [...] and that the Head of Department may **direct** a public school to adopt more than one language of instruction, [...]

Uit bogenoemde is dit reeds duidelik dat Bela ten doel het om die onderwyshoof se magte te versterk om die finale besluit oor 'n skool se toelatings- en taalbeleid te hê. Die onderwyshoof se besluit hoef nie **in** oorleg met 'n beheerliggame te geskied nie, maar **ná** oorleg. Dit beteken dat die onderwyshoof nie verplig is om aan die beheerliggaam se insette gehoor te gee nie – hy/sy hoef dit slegs te oorweeg en kan dan steeds alleen besluit.

Toelating

Die doel van die wet, naamlik om aan die onderwyshef die finale besluit oor 'n skool se toelatingsbeleid te gee sonder om hom/haar te verplig om aan die beheerliggaam se insette gehoor te gee, word soos volg in artikel 4(d)(b) van Bela vervat (my eie beklemtoning, maar die oorspronklike kursivering):

4(d)(b) the *Head of Department*, after consultation with the *governing body* of the *school*, has the **final** authority, subject to subsection (9), to admit a *learner* to a *public school*; [...]

Taal

Die feit dat die beheerliggaam 'n taalbeleid kan opstel, is positief, maar dit word geneutraliseer deurdat die beheerliggaam die taalbehoefte van die **distrik** van die skool in ag moet neem by die opstel van die taalbeleid. Daar is weinig of geen skooldistrik in veral die noordelike en sentrale dele van die land waar die meerderheid inwoners 'n ander taal as Engels as voertaal verkies nie. Dié bepaling lees soos volg (my eie beklemtoning, maar die oorspronklike kursivering):

5(c)(5) The *governing body* of a *public school*, when determining the language policy of the *school* or any amendment thereof, must be satisfied that the policy or the amendment thereof takes into account the language needs, in general, of the broader community in the *education district* in which the *public school* is situated, [...]

Die mees drakoniese artikel van Bela is egter die bepaling dat die onderwyshef 'n skool opdrag kan gee om meer as een onderrigtaal aan te bied. Dié artikel lees soos volg (my eie beklemtoning, maar die oorspronklike kursivering):

5(7) Notwithstanding the provisions of subsection (2), the *Head of Department* may, where it is practicable to do so and subject to subsection (5), **direct** a *public school* to adopt more than one language of instruction.

Die opdrag moet ook gegrond wees op die taalbehoefte van die **distrik** (dus Engels) (my eie beklemtoning, maar die oorspronklike kursivering):

5(8) The *Head of Department*, in determining whether it is practicable for a *public school* to have more than one language of instruction, must take into account [...]
[...]

5(8)(d) the language needs, in general, of the broader community in the *education district* in which the *public school* is situated.

Ons wens, naamlik dat die proses wat gevolg moet word om 'n skool se taalbeleid te verander as teenwig kan dien, word ongelukkig gekniehalter deurdat die onderwyshoof slegs oorweging moet skenk aan voorleggings wat hy/sy ontvang, waarna hy/sy nie verplig word om daaraan gehoor te gee nie. Dié klousule lees soos volg (oorspronklike kursivering):

5(9) The *Head of Department* may not act in terms of subsection (7) unless he or she has—
[...]

5(9)(d) conducted a public hearing, on reasonable notice, to enable the community to make representations to him or her in relation to such action; and

5(9)(e) (has) given due consideration to any such representations received.

Die feit dat 'n beheerliggaam appèl teen 'n onderwyshoof se beleid kan aanteken, word ook vertroebel deurdat die provinsiale LUR oor dié appèl moet besluit. In praktyk beteken dit dat iemand soos Panyaza Lesufi (toe hy LUR vir Onderwys in Gauteng was) oor 'n appèlaansoek sou moes besluit. Dit bied weinig troos.

As niks verander nie, hoekom word die taalklousule gewysig?

Die onderwysowerhede wil met Bela 'n nuwe regsbasis skep wat die onderwyshoof se besluitnemingsmagte versterk om teenstrydig met die besluite van beheerliggame op te tree om Afrikaanse skole sodoende te teiken. Dit sal hierna baie moeiliker wees as voorheen om in die howe te slaag, en regsaksies sal groot onkoste vir skole inhou.

Wat kan u doen?

AfriForum versoek u as ouers en onderwysers om 'n mandaat aan AfriForum te gee om teen Bela vir die behoud van Afrikaanse skole te veg. U kan dit by die webtuiste www.stopbela.co.za doen.

Vriendelike groete



Kallie Kriel
Uitvoerende hoof
AfriForum